**Maandag 10 September**

| **Skrifgedeelte: Rigters 6:25-40** | **Fokusgedeelte: Rigters 6:34** |
|---|---|

# Wie sy roeping moedig uitleef, beleef daarin die Here se seën

Die Here het Gideon geroep om sy volk van die Midianiete te bevry. Maar hy wat as dapper held moet optree, is bang. Hy vra by die Here allerhande tekens. Die Here hanteer Gideon se vrese met deernis en gee die tekens wat hy vra. So het die Here deur sy woord en Gees Gideon bereid gemaak om te doen waartoe hy geroep is.

Dikwels is ons bang om ons roeping as kinders van God uit te leef, uit vrees vir wat die mense sal sê. As ons egter luister na wat die Here in sy Woord sê, en tot Hom bid, gee Hy aan ons uit genade die nodige vrymoedigheid om ons roeping aan te pak.

Gideon se eerste opdrag is om die altaar van Baäl in die stad af te breek en ’n offer aan die Here te bring. Die uitkoms begin immers by hervorming tuis. Eers wanneer die hart van die volk reg is, is hulle gereed om die vyand daarbuite te pak. Gideon is egter bang vir hoe die mense in die stad sal reageer. Daarom wag hy tot dit nag is voordat hy die altaar af-breek. Tog doen Hy dit, en daarom gee die Here sy seën daarop. Die weerstand verkrum-mel en die Israeliete begin Gideon volg. So kan Gideon tot die volgende fase van sy roe-ping oorgaan: om die Midianiete te verdryf.

Niks kan so verlammend op ’n gelowige inwerk as om uit vrees liewer niks te doen nie. Maar as jy eers jou roeping begin uitleef, staan jy verbaas oor die seën wat die Here daar-op laat rus.

*Sing: Psalm 25-1:3, 6*

*Prof. GJC (Jorrie) Jordaan (Emeritus)*